



# Oordrag van huis

## Wat is die beste – om jou woning voor jou dood op jou gade se naam te sit of om hulle dit te laat erf?

**Deur Letitia Watson**  
Stuur voorstelle en versoeke na geldsake @huisgenoot.com. E-posse sal sower moontlik in die rubriek beantwoord word en nie persoonlik nie.

'N LESER skryf sy en haar man is geskei en albei gesekwestreer, maar daarna is hul woonhuis teruggekoop en op sy naam geregistreer. Hulle het weer met mekaar getrou, maar toe buite gemeenskap van goed.

Haar man se gesondheid het intussen verswak en hulle wil nou weet hoe hulle met die minste koste en moeite die huis op haar naam kan oordra. Moet hy dit nou al op haar naam laat registreer of kan hy dit net in sy testament aan haar bemaak?

Geldsake het by Francois van Gijsen CFP\*, 'n finansiële beplanner van Finlac en 'n lid van die Fidusiëre Instituut van Suid-Afrika (Fisa), gaan aanklop.

### Alleeneienaarskap bied nie sekerheid

Die leser en haar man moet die geheelbeeld in ag neem voor hulle besluit, maan Francois. Of die huis nou in die man se naam bly of na haar oorgedra word, dit beteken een loop gevaar om benadeel te word.

Die rede is baie eenvoudig: As enigeen die alleeneienaar is, het die ander geen sekerheid hulle sal die huis erf wanneer hul maar sterf nie. Skei hulle weer, gaan een ook aan die kortste end trek.



KOBUS GALLOWAY

**WENK**  
Gaan na [www.fidsa.org.za](http://www.fidsa.org.za) vir die naam en kontakbesonderhede van geregistreerde kundiges wat testamente opstel.

### Koste en moeite

Dit gaan geld en moeite verg om die huiseienaarskap oor te dra, of dit nou voor of ná haar man se dood gebeur of nie.

Die koste hang af van of dit gebeur terwyl haar man nog leef en of hy dit aan haar bemaak. Die eiendomswaarde is belangrik, want die hereregte en prokureurskoste word daarvolgens bereken.

### As sy die huis erf

Hereregte is die bedrag wat die transportprokureur by die oordrag van 'n eiendom aan die be-

lastinggaarder betaal. Dit geld nie vir erflatings nie.

Sy sal geen hereregte hoef te betaal as hy dit aan haar bemaak nie. Ander uitgawes, soos die prokureurskoste, sal dan ook eers ná sy afsterwe ter sprake kom.

### Skenkings en oordrag

Hereregte geld wel vir eiendomme wat gades aan mekaar verkoop of skenk. As die leser en haar man besluit om die huis na haar oor te dra terwyl hy lewe, sal hulle hereregte moet betaal.

Dit word net betaal op eiendomme wat meer as R600 000 werd is. Jy betaal 3 persent op

die waarde tussen R600 000 en R1 miljoen, 5 persent op die waarde tussen R600 000 en R1, 5 miljoen en 8 persent op die bedrag waarmee die huiswaarde R1,5 miljoen oorskry.

As die huis byvoorbeeld R1,7 miljoen kos, sal hulle hereregte van R53 000 moet betaal as hulle dit nou al wil oordra. En hulle sal ook die prokureurskoste dadelik moet betaal.

Francois beveel die leser en haar man sterk aan om eers met 'n prokureur te gesels en al die inligting oor hul sekwestrasie en ander omstandighede aan hom te gee sodat hy hulle oor die beste keuse kan adviseer.

### Onthou

Sorg dat jy jou testament altyd bywerk wanneer jy eiendom of ander bates koop en verkoop, veral as jy dit aan bepaalde mense wil nalaa. En sorg dat die bevoording daarin reg is.

As die leser se man in sy testament geskryf het hy laat sy huis by Sonstraat 10, Kroonstad, aan sy vrou na, maar hy intussen die huis verkoop en een by Maanstraat 11 gekoop het sonder dat hy die adres in sy testament verander, erf sy dalk geen huis nie. Die nuwe huis in Maanstraat sal outomaties deel van die restant van die boedel word.

Hy moet liewer skryf: "Ek bemaak my primêre woning ten tye van my dood aan my vrou." Dan sal sy nie weens 'n onbedoelde tegniese puntjie dakloos gelaat word nie. ■

Ek is 'n uitstekende huishoudster; elke keer dat ek skei, hou ek die huis

